Dear Producer

(For your convenience, the Afrikaans version follows the English news.)

In this week's news:

1. Meatco AGM: Friday, 5 June 2009;
2. New Meatco delivery contracts;
3. Contract premiums will become part of the daily Meatco producer price as from 1 October 2009;
4. Angola does not require quarantine;
5. Only Namibian born cattle are allowed to be slaughtered at Meatco and
6. Top ten producers April 2009.

1. Meatco AGM: Friday, 5 June 2009

Kindly be reminded that Meatco's Annual General Meeting (AGM) takes place this coming Friday, 5 June 2009, at 09:00 at the Wanderers Sports Club in Windhoek. The Wanderers Sports Club is situated in Tunschel Street, Pioniers Park.

Also please note that the 2008/9 Annual Report have already been posted to all producers who slaughtered to Meatco during the past two years. Copies are also available for collection at any of Meatco's ten Procurement Offices country wide.

2. New Meatco Delivery Contract Discussions

Meatco is delighted to report that the producer forum met last week to finalise outstanding questions pertaining to the new Meatco delivery contracts.

Producer education materials will be developed and a public information campaign will be launched during June 2009. The new contracts are envisaged to become ready for signing in August 2009. *Read the full report in your June edition of the Meatco News.*

3. Contract premiums will be part of daily Meatco producer price come 1 October 2009

In-line with producer requests through the Farmer Liaison Committee meetings (FLCMs) in 2008 and 2009 and following extensive consultations, Meatco would like to announce that contract premiums will be loaded onto the daily producer price.

In facilitating this critical transition, the following schedule has been set out:

- All contract premiums for producers who signed contracts for 2009 and delivered 90% of the contracted cattle will be paid out end of September 2009;

- Contract premiums will become part of daily producer price as from 1 October 2009.

However, producers will only qualify for this benefit, provided they have signed a delivery contract with Meatco. Those who have not signed contracts for 2009 can do so when the new contracts become available for signing in August 2009.

4. Angola does not require quarantine

Good news for producers from the Northern Communal Areas (NCAs) is that cattle that are destined for the Angolan market do not have to be quarantined before being slaughtered.

Meatco started exporting to Angola in May 2008 and in terms of this country's requirements for the import of product from the NCAs, cattle no longer have to be quarantined for 21 days before going to the abattoir.

It must be emphasized that this agreement is only valid for meat that is destined for the Angolan market and excludes other markets like, for example, South Africa. If South Africa in the future again agree to import Meatco product from the NCAs, the same regulations as in the past would apply.

The agreement with Angola brings with it major logistic and financial benefits for producers. In the past cattle lost as much as 10 percent of their body weight during the quarantine period. Producers are remunerated per kilogram and a lighter animal means a lighter carcass and a smaller profit.

Producers also save when it comes to transport costs, as cattle can now be taken directly to the abattoir and the additional kilometers to and from the quarantine camps are no longer incurred. In the past, some producers had to trek their animals as far as 300 kilometers per foot to the nearest operational quarantine facility.

While producer can now directly market to Meatco, there are still a few important aspects they need to adhere to:

1. Producers must inform Meatco that he or she is planning to slaughter cattle;

2. The procurement officer will notify the producer when and where cattle will be loaded in his or her region;

3. The producer brings his or her cattle to the loading point on the given day;

4. The animals must be branded and accompanied by either 'n letter of permission from the head man or a movement permit from Veterinary Services;

5. A veterinary officer will inspect the cattle for Foot and Mouth Disease (FMD) at the loading point before it may be loaded onto the truck;

6. At the loading point, a Meatco registration form will be completed with all the information of both the owner and the cattle;

7. The animals are slaughtered the following day, the slaughter advice is printed and the producer receives his or her money.

Please note: Producers can either use their own transport or contact Meatco for alternative arrangements. If producers decide to make use their own transport, they have to adhere to the standard transport rules and regulations as set out by Veterinary Services. *Read the full report in the next edition of the Meatco News.*

5. Only Namibian born and bred cattle are allowed to be slaughtered at Meatco

In line with regulations from the European Union (EU), only Namibian born and bred cattle are allowed to be slaughtered at Meatco's abattoirs. The reason for this is that cattle coming from other countries cannot be guaranteed to be hormone free. This regulation applies for all animals originating from other countries, including stud animals whether they are male or female.

Namibian cattle, when exported to other countries, are identified with an **N** brand mark on the side of the face, whilst cattle from South Africa, for example, are marked with an **<>**.

6. Top ten producers April 2009

Nr.	Producer	Point
1	S. Baas	94.30
2	J.H. Botha	93.90
3	T.E Basson	93.10
4	ALT Seeis Farming	92.90
5	T.H. Goldbeck	92.70
6	D.J Kotze	92.60
7	A.J. Espag	92.60
8	S.P. Grobbelaar	92.40
9	H.H. Erasmus	92.00
10	T.J Neethling	92.00

Your next electronic newsletter will be sent on Wednesday, 17 June 2009.

Geagte Produsent

In hierdie week se nuus:

1. Meatco algemene jaarvergadering op 5 Junie 2009
2. Opvolg: kontrakbesprekinge
3. Vanaf 1 Oktober 2009 sal kontrakpremies by die daaglikse Meatcopryse ingesluit word
4. Angolese vereis nie kwarantyn
5. Suid-Afrikaanse bees mag nie by Meatco geslag word nie
6. Top tien produsente April 2009

1. Meatco algemene jaarvergadering op 5 Junie 2009

U word hiermee herinner aan Meatco se algemene jaarvergadering wat Vrydag, 5 Junie 2009, om 09:00 by die Wanderers Sportsklub in Windhoek plaasvind. Die sportsklub is in Tunschel-straat in Pionierspark geleë.

Neem asseblief ook kennis dat die 2008/2009 jaarverslag aan alle produsente gepos is wat die afgelope twee jaar na Meatco gelewer het. Kopieë is ook by Meatco se Voorsieningskantore landwyd beskikbaar, indien u nog nie ‘n kopie ontvang het nie.

2. Nuwe Meatco leweringskontrakte

Die produsenteforum verantwoordelik vir die kontrakbesprekinge het vandeesweek bymekaar gekom om die laaste uitstaande vrae rondom die nuwe Meatco leweringskontrakte uit te klaar.

Brosjures sal vir produsente ontwikkel word, terwyl ‘n publieke inligtingsveldtog in Junie 2009 afskop. Die nuwe kontrakte word voorsien om in Augustus 2009 vir ondertekening gereed te wees. Meer inligting in die volgende uitgawe van die Meatco Nuus.

3. Vanaf 1 Oktober 2009 sal kontrakpremies by die daaglikse Meatcopryse ingesluit word

Soos in lyn met versoeke vanaf produsente by Skakelkomiteevergaderings wat in 2008 en vroeër vanjaar gehou is en ná breedvoerige konsultasies wil Meatco hiermee aankondig dat die kontrakpremies by die daaglikse produsenteprys ingesluit gaan word. Ten einde hierdie belangrike verandering te fasiliteer, is die volgende skedule opgestel:

- Alle kontrakpremies van produsente wat kontrakte vir 2009 geteken het en 90% van hul kwota gelewer het, se kontrakpremies sal einde September 2009 uitbetaal word;
- Kontrakpremies sal deel word van die daaglikse produsentepryse vanaf 1 Oktober 2009.

Neem asseblief kennis dat slegs produsente wat ‘n leweringskontrak met Meatco geteken het vir hierdie voordeel kwalifiseer. Produsente wie nie kontrakte vir 2009 geteken het nie kan so maak wanneer die nuwe kontrakte in Augustus 2009 gereed is.

4. Angolese vereis nie kwarantyn

Sedert 1 April 2009 kan grootveeprodusente in die Noordelike Kommunale Gebiede (NCA) van Namibië hul bees direk na Meatco bemark as dit vir die Angolese mark bedoel is, sonder dat dit deur die 21 dae lange kwarantynproses hoef te gaan.

Meatco het in Mei 2008 na Angola begin uitvoer en ingevolge dié land se vereistes wat die invoer van produk uit die NCA betref, hoef bees nie meer 21 dae in kwarantyn te staan voor dit geslag word nie.

Dit moet beklemtoon word dat hierdie ooreenkoms slegs geld vir beesvleis wat vir die Angolese mark bestem is en ander markte, soos byvoorbeeld Suid-Afrika, uitsluit. Sou Suid-Afrika in die toekoms weer instem om produk vanuit die NCA in te voer, sal dieselfde regulasies as in die verlede vir hierdie mark geld.

Die ooreenkoms met Angola hou enorme logistieke en finansiële voordele vir produsente in. In die verlede het bees tot soveel as 10 persent van hul ligaamsmassa tydens die staantydperk in kwarantynkampe verloor. Produsente word per kilogram vergoed en ‘n ligter bees beteken ‘n ligter karkas en kleiner inkomste.

Produsente spaar ook wat vervoerkostes betref, aangesien hul diere nou direk na die fabriek geneem kan word en die ekstra kilometers na en van die kwarantynkamp uitgesluit word. In die verlede moes sommige boere hul diere tot sover as 300 kilometer per voet na die naaste kwarantynkamp getrek het.

Hoewel produsente nou direk na Meatco kan bemark, is dit belangrik dat hulle hulself van die volgende vergewis:

1. Die produsent moet die Voorsieningsdepartement by Meatco in kennis stel dat hy of sy ‘n slagbeurt verlang;

2. Die betrokke Voorsieningsbeampte sal die produsent inlig waar en wanneer bees in sy of haar streek gelaai gaan word;

3. Die produsent bring sy of haar bees na die laaipunt op die gegewe dag;

4. Die diere moet gebrandmerk wees en moet met óf 'n toestemmingsbrief van die hoofman óf 'n bewegingspermit vanaf Veeartsenydienste vergesel word;

5. 'n Veeartsenybeampte sal die bees by die laaipunt ondersoek vir bek-en-klousseer (FMD) en as hy of sy tevrede is, mag dit gelaai word;

6. By die laaipunt moet 'n Meatco registrasievorm vir die bees ingevul word met alle besonderhede van die eienaar asook al die diere se inligting;

7. Die diere word dan die daaropvolgende dag geslag, die afrekeningstaat word gedruk en die produsente ontvang sy of haar geld.

Wat die vervoer van die beeste betref, kan produsente of van hul eie vervoer gebruik maak, of vir Meatco nader oor alternatiewe reëlings. Indien produsente van hul eie vervoer gebruik maak, moet hulle aan die standaard vervoerreëls en -regulasies van Veeartseny voldoen. *Lees die volle berig in die volgende uitgawe van die Meatco Nuus.*

5. Slegs bees wat in Namibië geteel en gebore is mag by Meatco-abattoirs geslag word

Soos in lyn met die reëls en regulasies van die Europese Unie (EU), mag net bees wat in Namibië geteel en gebore is by Meatco geslag word. Die rede hiervoor is dat bees wat van ander lande ingevoer word nie hormoon-vry gewaarborg kan word nie. Hierdie reël geld vir alle bees wat van ander lande ingevoer word, insluitende manlike en vroulike stoetbees.

Wanneer Namibiese bees na ander lande uitgevoer word, word dit deur 'n **N**-brandmerk geïdentifiseer, terwyl diere van Suid-Afrika byvoorbeeld met 'n **<>** brandmerk uitgeken word.

6. Top tien produsente April 2009

Nr.	Produsent	Punt
1	S. Baas	94.30
2	J.H. Botha	93.90
3	T.E Basson	93.10
4	ALT Seeis Farming	92.90
5	T.H. Goldbeck	92.70

6	D.J Kotze	92.60
7	A.J. Espag	92.60
8	S.P. Grobbelaar	92.40
9	H.H. Erasmus	92.00
10	T.J Neethling	92.00